**Tema: 'n Gebed vir die Koning agter die Koning.**

Goeiemôre en Hartlik welkom vanoggend.

Ek hoop dat dit goed gaan met elkeen van julle. As ek so rondom my kyk, dan lyk **dit nog asof Kragga Kamma Gemeente in die wêreld, oral oor is**. Dit is vir my wonderlik en ek is opgewonde om te hoor hoe jy deur liefde 'n verskil maak net van daar wat jy inskakel. Ek is Opgewonde om te hoor van julle familie "**uitreik" wanneer julle** terug is.

So met die begin van die Nuwe Jaar, dink ons elkeen aan 'n nuwe begin. Ons hoop die nuwe hoofstuk wat geskryf gaan word, is mooi en goed.

- MG en Niekie is nog op verlof. Kontak my gerus.
- Maak seker jy het jou **jaarprogram (Kalender) by** jou Dienswerker ontvang.
- Gelukwensing: **Rina Van Niekerk (94 Jaar oud Vandag)**

Teen einde **2020 het Amerika ook begin met 'n nuwe hoofstuk**. President Jo Biden het die presidensiële verkiesing oor Donald Trump gewen. **Komediante was totaal verslae**, want hoe sal hulle nou nuwe materiaal kry, met Trump wat nie meer President is nie. Amerika (en die res van die wêreld was weer opgewonde oor moontlikhede **van groei en vooruitgaan**. Daar was ook groot opwinding toe hy **Kamila Harris** as sy Visepresident aanwys. Sy was die eerste Vroulike Visepresident van Amerika.

Op **die 20ste Januarie 2021** is dit toe tyd om vir Jo Biden as President in te sweer. Amerika, soos net Amerika kan, gaan heeltemal oorboord met die geleentheid. **Lady Gaga sing die volkslied, klomp** glanspersoonlikhede word genooi en vliegtuie vlieg in die lug. Maar was op daardie dag Sosiale media se aandag getrek het, was die Bybel wat Jo Biden gekies het om die eed op af te lê.

- Kyk gerus hoe groot die Bybel is (Wys prent)

Mense het gespot op Twitter en gesê: Daardie lyk na die **oorspronklike kopie geteken deur Jesus.** Die boek lyk soos iets uit **National Treasure 3**. Moes Jo Biden **gym** om seker te maak hy kan daardie Bybel optel? Die Bybel lyk soos iets uit Hogwarts van die **Harry Potte**r films uit.

Biden het later vir verslaggewers gesê dat dit hul Familiebybel is. Die Bybel is al **sedert 1893** in hul Familie en Biden het daardie selfde Bybel gebruik by elke geleentheid wanneer hy **'n eed vir 'n nuwe leiersposisie moes aflê**. Biden se seun het ook die Bybel gebruik toe hy **as Prokureur** ingehuldig word.

Ek het natuurlik gedink, alhoewel ek bitter min van Jo Biden af weet, is hierdie **vir my 'n ongelooflike getuienis**. Want hierdie Bybel is nie net 'n boek in die huis nie, dit is **DIE BOEK. Dit is DIE BOEK** wat deel is van elke groot lewensfase. **Dit is hopelik die BOEK wat deel is van elke oggend se begin en elke aand se afsluit. Die Boek wat deel is van Ontbyt, Middagete, Aandete.** Die BOEK wat deel is van elke **vergadering, elke besluit en elke asemteug**. Die boek, wat egter net bo-op die boekrak staan, gaan egter niemand se lewe verander nie, die boek moet gelees word, die **boek moet geleef word...**

Ons as gemeente wil hierdie jaar jou uitnooi op 'n reis waar ons, elke week onsself **opnuut gaan uitdaag.** Ons gaan vir eers ons geliefd kose tekste opsy skuif en elke week kyk hoe ons vir God met 'n nuwe teks gaan ontmoet. As jy op die **2022 Jaarprogram (Kalender**) kyk sal jy sien dat daar by elke Sondag 'n teks staan. Dit is die teks waaroor daar daardie Sondag 'n getuienis gelewer gaan word. **So jy kan voor die diens al begin lees**. En ek glo jy gaan dikwels met die eerste dikwels deurmekaar en verward wees en dalk dink- wat op dees aarde gaan hier aan...

Maar dan kan jy dalk Sondag iets **in die kerk hoor wat jou help**. Dan kan jou Selgroep jou bietjie help. Dan kan jy met iemand gesels wat ook die teks lees. En so word dit teks vir jou al hoe mooier.

So vir Januarie sal jy op die Jaarprogram sien dat dit soos volg lyk:

537

- 2 Januarie: Psalm 72:1-14
- 9 Januarie: Lukas 3:15-22
- 16 Januarie: Jesaja 62:1-5
- 23 Januarie: Nehemia 8:1-10
- 30 Januarie: Jeremia 1:4-10

Ek dink dit is ongelooflik dat ons in Januarie 2022 **uit 5 verskillende dele van die Bybel gaan lees. 5 verskillende Boeke waar ons vir God gaan ontmoet** en hopelik wysheid uitput vir vandag....

En daarom gaan ons nou Luister na Fernando Orterga se **mooi musiek. Hy sing Give me Jesus. En dit is die hoop/droom vir hierdie geloofsgemeenskap in 2022. Dat ons deur ons werk met die Bybel met Jesus sal besig wee**s. En aanhou sal fokus op sy wil en sy plan vir ons elkeen.

- Luister Give me Jesus- Orterga.

Gebed: Here van kleins af het ons elkeen dalk iewers in ons lewe ’n Bybel ontvang. **Soms ’n klein rooi Gideon Bybel. Dalk ’n Bybel met ons doopdag of voorstelling. Maar Here help ons dat ons in 2022 moeite sal doen met hierdie boek. Dat dit nie net ’n dooie boek op die rak sal wees nie, maar ‘n boek wat ons help met die lewe**. Wat ons help om al hoe meer aan U beeld gelyk te word. In the morning when I rise, Give me. Jesus... And when I go to bed, Give me Jesus...

Kom ons sing saam ’n paar liedere, hierdie is liedere wat ons gewoonlik sing voordat ons die teks lees en ons sing dit vanoggend sommer met die oog op Psalm 72 wat ons nou-nou gaan saamlees

- L 253- U het die Brood gebreek v 1,2

Gebed:

- L 364- Herders op die ope Velde v 1,2,3

Ons gaan nou die teks lees, maar ek wil graag net verduidelik waar die teks vandaan kom. Die tekste wat op die kalender is, volgens die kerkjaar**. Dus gaan ons ander na Paastyd al hoe meer met die lyding/kruisiging van Christus lees.** Maar ons is nou in Kerstyd en kerstyd bestaan nie net uit Kersdag nie, Kersfees is eintlik nie net ’n dag nie, maar liewer ’n periode. En ons is nog in Kerstyd,. Meer spesifiek, soos altyd 2 Sondae na Kersdag, is dit Epifanie. **Epifanie beteken verskyning/bekendstelling. Dus lees ons nou tekste van hoe God sigbaar word in mense se lewe.** Ons gaan vanonggend begin deur vanuit **Psalm 72 te** lees. Jy is welkom om daarheen te blaai en saam met my te volg

1. Van Salomo. Leer tog die koning, o God, om te regeer volgens u wil, leer die koning om die reg te handhaaf soos U dit wil,
2. sodat hy regverdige beslissings oor u volk sal vel en aan die verdruktes reg laat geskied.
3. Laat berge en rante hulle verbly oor die vrede en reg vir die volk.
4. Laat die koning die reg van die verdruktes onder die volk beskerm, laat hy armes te hulp kom en verdrukkers verbrysel,
5. sodat die mense U kan dien so lank as die son en die maan daar is, van geslag tot geslag.
6. Mag die koning vir sy mense wees soos die reën vir die plante, soos swaar reëns wat die aarde deurdrenk.

7. Mag die reg onder sy regering floreer en mag daar vir altyd groot voorspoed wees.
8. Mag hy heers van see tot see, van die Eufraat af tot in verre lande.
9. Mag die woestynbewoners voor hom kniel en sy vyande voor hom in die stof kruip.
10. Mag die konings van Tarsis en die kuslande geskenke bring, die konings van Skeba en Seba aan hom belasting betaal.
11. Mag alle konings voor hom buig en al die nasies hom dien.
12. Hy sal die arme red wat om hulp roep, die verdrukte en die wat geen helper het nie;
13. hy sal hom oor die swakke en die behoeftige ontferm, die lewens van die arm mense beskerm.
14. Hy sal hulle van onderdrukking en geweld bevry; hulle lewens sal kosbaar wees in sy oë.

(Stilte- water drink oomblik)

My eerste lees, my eerste ervaring w**as dat hierdie maar 'n vreemde Psalm is.** Nie eintlik een vir my nie. Ek is nie 'n koning nie. Ek het **nie Woestynbewoners wat voor my moet kniel nie en ek wil nie geskenke ontvang van die koning van Tarsis en die Kuslande** nie.My eerste indruk was dat daar mooier verhale in die Bybel is wat ek kan lees.. Ek het toe bietjie gaan oplees en gesien dat

- Daar is **9 Psalms wat handel oor die werk** van die Koning. Die sogenaamde Koning Psalms en hierdie is een van hulle.
- Hierdie is slegs een **van 2 Psalms wat deur Salomo geskryf is**. Die ander Psalm is Psalm 127. Dit is tog vreemd want in Vers 1 staan (Van Salomo) en dan in Vers 20 staan daar hier eindig die gebed van Dawid, Seun van Isai...Tog weet ons, dit is 'n Psalm van Salomo.
- Hierdie was moontlik die Psalm wat gelees was tydens die **Kroning van 'n Koning**. Dus in Vandag se terme is dit die Psalm wat Jo Biden sou lees by sy Presidensiële inhuldiging.

Eintlik kon Joe Biden die Psalm soos volg tydens sy inhuldiging gebid het.

1. Van Joe Biden. Leer tog die President, o God, om te regeer volgens u wil, leer die President om die reg te handhaaf soos U dit wil,
2. sodat hy regverdige beslissings oor u volk sal vel en aan die verdruktes reg laat geskied.
3. Laat berge en rante hulle verbly oor die vrede en reg vir die volk.
4. Laat die President die reg van die verdruktes onder die volk beskerm, laat hy armes te hulp kom en verdrukkers verbrysel,

Ek wens eintlik dat hierdie Psalm elke oggend gelees word in elke Politieke kantoor in ons mooi land. Dink **nou net as Psalm 72 'n credo was vir die** Uniegebou.

Hierdie gebed, gebid deur 'n koning, het my laat dink, aan wat ek kan doen vir **die leiers in en rondom ons**. Want ek glo nie ek gaan hul van besluit laat verander nie, en glo ook nie ek gaan maak dat hul meer (of minder) moet doen nie. Maar is dit nie my taak as **gelowige om vir hulle te bid nie**? Is dit nie my taak **om Psalm 72 oor hulle lewe te bid nie. Ek** moet erken en bely, dat voordat Psalm 72 oor my pad gekom het, het ek nog nie werklik **vir Eugene Johnson** (ons Burgemeester hier in Gqeberha) gebid nie. Ek het haar al gekritiseer, ek het al my mening oor haar uitgespreek, ek het al my kop geskud, maar ek het nog nie gebid vir haar nie. Ek het ook nog nie vir **Heinrich Muller** en die ander verkose wyksraadslede van ons onderliggende omgewing gebid nie…. Ons praat nou oor presidente, en Burgemeesters, maar ek dink dit geld vir alle leiers. Bid ons genoeg vir:

- Die **Prefekte/Kapteins/onderwysers** by die skool?
- Die leiers in die **huishouding (Mamma of Pappa)** wat elke dag moeilike besluite moet neem?
- Die oom of Tannie wat by **die Ouetehuis moet** besluite neem wat vir Ouma of Oupa raak?

- Die dokter/ apteker/ Sielkundige/ Terapeut wat moet besluit watter diagnose hulle moet toepas?
- Die leiers van die **Polisie** wat die reg moet laat geskied?
- Die leier van die **media wat** moet kies watter storie gepubliseer moet word of nie?

Maar ek is dalk nie 'n leier nie, en ek is dalk maar net 'n gewone dame of ou, en hoe kan die teks my help?

Salomo bid vir homself as koning van die land, hy bid dat hy regverdig sal wees, **dat hy sal omsien na die belange van hulle wat verdruk en arm is. Salomo weet uit sy eie krag uit gaan hy nie regkry nie. Salomo weet dat hoe hy leef MOET deel wees** van God se plan. Hy is die Koning, van die koning, vir die Koning…

So wat ons hier in Psalm 72 lees in eintlik '**n Gebed vir die Koning, tot die Koning, Agter die Koning...**

Die Koninkryk van God gaan **oor Dienslewering**.. Dit gaan oor wat doen ons vir mense wat dit nie vir hulself kan doen nie, hoe staan ons hulle by? Hoe help ons hulle op die pad? Die verdruktes, armes, swakkes, behoeftiges)..

Die teks is definitief nie een vir vinger wys nie**. Die doel van die teks is nie om rond te stap en dan te sê ek moet vir jou bid, en vir jou bid, en vir jou bid** nie… Die doel van Psalm 72 is nie om vinger te wys nie, maar om hand in eie boesem te steek. Om hand in eie boesem te steek en te vra, wat van my?

(Beloftes of liewer gebede) (**Mense breek beloftes- ons belowe baie dinge wat nooirt regtig** gebeur of werklik plaasvind nie)--- Soos by huwelik geleenthede- **Voor God en sy gemeente, beloof ek liefde en trou, vir altyd en in ALLE omstandighede (50% van die tyd word daardie belofte verbreek**). Ook so daardie woorde van **EK BELOWE ek gaan jou terugbetaal**. **Ek belowe ek bel jou. Ek belowe ek kom doen dit more**. Die enigste persoon wat by sy beloftes hou is God. **So ek is huiwerig om beloftes te maak. God beloof, en ons bid**. Maar ons kan bid, en God se hand in die saak soek.

Beloftes maak voornemens. Beloftes is op jou.. Ge**bede maak dit egter deel van 'n groter werklikheid. Een wat God ook insluit… Beloftes word met die kop gemaak, gebed word met die hart gebid.**

**Dalk is die uitnodiging:** Om ons eie gebed te gaan formuleer waar ons bid: **Here help my om 'n plekkie in die lewe vol te staan wat u sal verhee**rlik. **Wat u meer sigbaar sal maak vir die mense rondom my**. En hierdie gebed kan **gebid word as Ouma, as kleinkind, of in enige posisie of ouderdom**. Dit gaan ALLES om oor God sigbaar te maak..

Dalk is die uitnodiging **om hier, op dag 2 van 2022** my eie gebed voor die Here te gaan neerskryf. Ek gaan my poging met julle deel, en ek wil jou uitnooi om dieselfde te gaan doen:

My Psalm 72 vir 2022.

**My Koningskind gebed vir die koning:**

*1 God, leer My, U Kind om te dien soos U dit wil hê. Leer my om reg op te tree soos U wil by die huis, by die werk en by die kerk.*

*2Wys my hoe om reg op te tree. Laat ek altyd mense wat swaarkry, regverdig behandel.*

*3Mag ek vrede na mense en situasies toe bring.*

*4Mag ek mense help wat hulp nodig het. Mag ek mense wat ander sleg behandel met waardigheid reghelp.*

*5 Mag ek 'n voorbeeld van U liefde vir ander wees.*

*6Mag my teenwoordigheid mense herinner van U teenwoordigheid*

*7Mag ons in 2022 weet voorspoed is nie net in die goed gaan nie, maar voorspoed is wanneer ons weet dat God saam gaan.*

En dalk sal my en jou eie **Psalms meer getuig na God se wil, as na ons eie wil.** Dalk sal ons gebede/psalm ook soos Fernando Ortega lui: **Lord I want to be like Jesus, in my heart…**

**Met die treffende woorde: You can have all this world… Die wêreld kan my status** kry, die wêreld kan my posisie kry, die wêreld kan **my geld kry, die wêreld kan alles van my vat, maar die een ding wat ek die graagste wil he- is Jesus- Give me Jesus….** Gee vir my die verhouding met die God agter al my verhoudings…

Luister weer: Lord I want to be like Jesus, in my heart…

- Slotlied: L 266. Onse Vader gebed (Ons onselfsugtige stadige gebed vir God en vir ons). Dat die Here sy wil laat geskeid in ons werk, in ons speel, in ons ontstpan.
- Seenbede: Mag ons deur ons lees van die Bybel, deur ons Gebed en deur ons gedrag vir God in 2022 sigbaar maak..
- Amen lied